

EEUFEES - GESKIEDENIS - KONFERENSIE

Universiteit van Stellenbosch

5 – 7 April 2004

Referaat:

ELMO PRETORIUS EN MARIUS SWART
AS OPKOMENDE GESKIEDENIS-DOSENTE
AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH,
1957 – 1962.

deur

Johan de Villiers

Universiteit van Zoeloeland

Die jare 1957–1962 verteenwoordig 'n waterskeiding in binnelandse en buitelandse verhoudinge in Suid-Afrika. In hierdie tyd het die Koue Oorlog tussen die vrye Westerse kapitalistiese moondhede en die Kommunisties-beheerde lande agter die Yster- en Bamboesgordyn internasionale verhoudinge gepolariseer. Binnelands het die regering van dr H.F. Verwoerd afsonderlike ontwikkeling uitgebou en op 31 Mei 1961 die republikeinse ideaal verwesenlik, in weerwil van die anti-apartheid agitاسie en die aanbreek van Swart revolusionêre verset, veral na die Sharpeville-tragedie, 21 Maart 1960.

Ook Stellenbosch – die “Athene van die Suide”, volgens prof. Frans Smuts – kon nie ontsnap uit die drukgang van die tyd nie. Die vak geskiedenis, as die mees sentrale van al die geesteswetenskappe, moes vanuit die post-industriële wêreld van die tweede helfte van die twintigste eeu “nuwe vorm” gee aan die verlede. In die departement geskiedenis het belangrike personeelveranderinge en vernuwing van kurrikula plaasgevind. Die nuwe Rektor, prof. H.B. Thom, self 'n historikus van hoë aansien, was die departement uiteraard goedgesind. Die gesoute prof. Piet van der Merwe is met die aftrede van prof. Johannes Wiid, as departementshoof in die Jan Marais-leerstool aangestel. Die talentvolle Dirk Kotzé is bevorder tot jongste hoogleraar aan die Universiteit.

Twee vakatures moes in die departement gevul word: òf uit eie akademiese geledere (d.w.s. eie studente of oud-studente), òf deur die toevoeging van “nuwe bloed” van elders. 'n Mens kry die gevoel dat studie-ervaring in die Dietse lande swaar geweeg het by die aantstellingskomitee. Dit het ook erkenning gegee aan die hoë aansien en nalatenskap van die eerste generasie dosente in geskiedenis aan die ou Victoria-kollege en latere Universiteit van Stellenbosch – grondleggers soos

die Nederlander prof. E.C. Godée Molsbergen en die Vlaming prof. Willem Blommaert. Uiteindelik het akademiese meriete (en nie tradisionele Matie-lojaliteit nie) geseëvier. Twee puik jong dosente van elders (o.a. nagraads geskool in Europa na die Tweede Wêreldoorlog) is aangestel om hul stempel af te druk op die vorming van eerstejaar- en tweedejaar-studente in die Suid-Afrikaanse en Algemene Geskiedenis op Stellenbosch.

Terwyl hy nog nagraads in Duitsland gestudeer het, is die 23-jarige Jan St. Elmo Pretorius op 14 September 1956 deur die Senaat van U.S. aangestel as tydelike lektor met ingang 1 Januarie 1957. Hy sou hierdie tydelike pos twee jaar lank beklee voordat hy in September 1958 deur die Senaat (op aanbeveling van die aanstellingskomitee wat deur prof. Piet van der Merwe bygewoon is) in 'n permanente hoedanigheid met ingang 1 Januarie 1959 aangestel is.

Pretorius was 'n produk van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat waar die bejaarde prof. C.J. Uys, maar veral prof. J.J. Oberholster, sy belangstelling en inspirasie vir geskiedenis aangewakker het. Sy M.A.-verhandeling het die owerheidsbeleid oor die handel in vuurwapens en ammunisie in die Suid-Afrikaanse geweste in die tydperk 1806-1880 ontleed. Hierdie handel het 'n groot uitwerking gehad op die uitbreek en verloop van oorloë in 1879 en 1880 in Suider-Afrika. Gedurende 1955 doen hy ses maande lank plaasvervangende werk in die departement geskiedenis aan UOVS.

Voor sy koms na Stellenbosch studeer Pretorius een jaar lank (Februarie tot Desember 1956) met 'n nagraadse beurs aan die Universiteit van Bonn en Tübingen in Wes-Duitsland. Hy bemeester die Duitse taal gemaklik en bestudeer teoretiese geskiedenis, veral onder prof. Walter Metzger in Tübingen.

Toe Pretorius in Januarie 1957 aan boord van 'n Union Castle-skip in Tafelbaai-hawe aankom, het prof. Piet van der Merwe hom persoonlik kom ontmoet en na Stellenbosch vervoer waar hy aanvanklik in die Drosty Herberg tuisgegaan het.

Wiid, Van der Merwe en Kotzé het Pretorius met oop arms ontvang. Kotzé het vir hom later losies gereël by mev. Van Blommenstein. Prof. en mev. Wiid het hom drie dae lank onthaal in hulle vakansiehuis in die berge by Swellendam. Die Rektor, prof. Thom, het tyd ingeruim om hom na sy huis te nooi.

Pretorius se doseer-opdrag was Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die eerstejaars moes die Kompanjies-periode (1652-1795) bestudeer en die tweedejaars hoofsaaklik die negentiende eeu (1795-1910). Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) is nie in detail behandel nie omdat dit "nog te sensitief" was. Die eerstejaars moes een voorlesing per week en die tweedejaars twee per week in Suid-Afrikaanse geskiedenis gedurende die hele jaar bywoon. In 'n era voordat fotostate en rekenaar-programmatuur as hulpmiddels ingespan kon word, moes studente die dosent se verduidelikings aandagtig volg en vlugtige aantekeninge maak van hoofpunte tydens lesings. Die voorgeskrewe aanvullende studiebron was Van der Walt, Wiid en Geyer se kenmerkende tweedelige "Gesiedenis van Suid-Afrika" wat in 1955 by Nasionale Boekhandel verskyn het.

Lesings was in daardie tyd hoofsaaklik 'n eenrigtinggesprek van die dosent se kant, maar Pretorius se onortodokse manier van klasgee het verhoed dat studente ooit verveeld geraak het. Hy het gedurig rondgestap terwyl hy 'n tema behandel. By geleentheid het hy op 'n tafel voor in die lesingsaal gaan lê om oor 'n aspek van die geskiedenis uit te wei. Op 'n reënigerige dag het hy tot groot vermaak van die studente 'n

sambreel oop en toe gemaak, terwyl hy diskussie voer! Dit alles was bedoel om aandag, insig en begrip by studente te bevorder.

Pretorius het pionierswerk verrig met die implementering van wat destyds bekend gestaan het as "Praktiese Geskiedenis". Daar was 'n groot behoefte hieraan, want die druipsyfer in geskiedenis was voorheen kommerwekkend hoog toe Piet Lombard, gunsteling van Thom, verantwoordelik was vir die eerstejaars. Prof. Van der Merwe was die groot dryfkrag en voorstander van gekontroleerde kleingroep-praktika. Dit moes die kritiese en analitiese vaardighede van studente slyp, onder andere deur die hantering en vertolking van historiese literatuur. Van der Merwe het nooit terugvoer hieroor van Pretorius vereis nie en hom alleen gelaat om "Praktiese Geskiedenis" te ontwikkel. Vir Pretorius was dit "iets vreemds", maar hy was bang (en ook lief) vir Van der Merwe as sy "baas".

Destyds het die eerstejaarklas uit tussen 150 en 230 studente in Suid-Afrikaanse geskiedenis bestaan. Pretorius het hulle in groepe van maksimum tien studente ingedeel om namiddae 'n uur lank geskiedenis te beoefen. Daar was drie sessies praktika elke weeksmiddag. Geskiedenis praktika was daardie tyd 'n totale nuwigheid ('n eerste) in die geskiedenisbedryf aan Suid-Afrikaanse universiteite. Die studente is geleer om kritiese vrae te stel, om noukeurige opleeswerk (navorsing) te doen en om geskiedenis te skryf (bv. opsommings in eie woorde). Pretorius moes al hierdie werk nasien (sekerlik nie altyd baie deeglik nie) totdat hy vaal geword het. Hy het eers later besef dat studente geleer moet word dat geskiedenis *geskryf* wil word en dat dit *lekker* moet lees!

Die tweedejaars, sowat 120 in getal, moes Pretorius drie keer gedurende die jaar individueel spreek voordat hulle stewige

werkstukke, genoem opstelle, ingehandig kon word. Sulke opstelle moes aan hoë wetenskaplike en stilistiese eise voldoen, o.a. met relevante inligting uit 'n verskeidenheid bronne, logiese uiteensetting van die teks en behoorlike annotasie en voetnote.

Die vyf jaar wat Pretorius aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde was, het puik geskiedenis-studente opgelewer – o.a. Pieter Kapp, Henning van Aswegen, Hermann Giliomee, Margaretha Pretorius, Solly Press, Flip Smit, André du Toit en Abraham Lückhoff. Dit is insiggewend dat Pretorius en sy kollega in Algemene Geskiedenis se puntetoekenning en standarde gewoonlik merkwaardig ooreengestem het, ondanks hulle onafhanklike beoordeling en uiteenlopende benaderings.

'n Moeilike en vervelige bykomende taak is aan die einde van elke akademiese jaar aan Pretorius toevertrou. Hy moes die Fakulteit Lettere op die Universiteit se sogenaamde Eindeksamen Puntekomitee verteenwoordig. Die korrektheid van alle finale uitslae moes nagegaan word, want eksaminatore, soos alle mense, maak soms foute.

Vir eie skryfwerk en publikasies was daar min tyd. Pretorius publiseer in 1963 saam met Marius Swart en Henning van Aswegen die boek "Uit ons Wording", wat hoofsaaklik gerig was op beginner-studente. Hy lewer ook 'n aantal bydraes vir die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek en die Encyclopedia of Southern Africa.

Wat personeelverhoudinge binne die departement betref, het Pretorius spoedig bevind dat 'n onpersoonlike verhouding oorheers het. Die kantore en lokale vir senior studente was destyds gehuisves in die gebou van die ou Victoria-hospitaal. Proff. Van der Merwe en Wiid het blykbaar nooit saam met die

ander dosente tee gedrink nie. Daar is ook nooit departementele personeelvergaderings gehou nie. Dit was vir Pretorius tragies dat daar nooit 'n departementele afskeid gereël is toe prof. Wiid in 1958 na 32 jaar diens afgetree het nie.

Buite die departement het Pretorius baie vriende onder personeellede gemaak. Voor 1959 was die totale studentetal van die Universiteit minder as 5 000 siele. Almal het byna almal geken. Prof. Danie Craven het Pretorius oorreed om die onder-negentien D-rugbyspan af te rig. Hy het ook een jaar Dagbreek-koshuis se span afgerig. In 1959 was hy bestuurder van die Matie-eerstespan wat na Natal en Suid-Transvaal getoer het.

Pretorius was na sy eie mening op Stellenbosch polities verward. In daardie tyd het monolotiese denke op die kampus oorheers. Pretorius het vanweë sy individualistiese gees en Europese ervaring dikwels gesmag na lewendige debatte om ook ander gesigspunte te toets.

Wat het hom beweeg om die Universiteit op 31 Maart 1962 amptelik te verlaat? Waarom 'n gerespekteerde departement met talentvolle studente waarwel toeroep? Die onafhanklike Pretorius (hy is nooit getroud nie) het eerstens die uitdaging aanvaar om 'n nuwe departement geskiedenis te vestig aan die pas-gestigte Universiteitskollege van Durban-Westville. Dit het aan hom geleentheid gebied om meer Afrika-sentriese geskiedenis en ook Indiese kultuur in Suid-Afrika te bevorder. Tweedens was hy moeg van die enorme hoeveelheid nasienwerk en puntekontrole wat aan die Universiteit van Stellenbosch van hom vereis is, sonder genoegsame erkenning. Derdens was sy nuwe werkplek, Durban, heelwat nader aan sy ouers se tuiste in

die Vrystaat en sou hy hulle meer dikwels kon besoek in hulle gevorderde ouderdom.

Prof. Craven het Pretorius versoek om nie sommer die Universiteit van Stellenbosch te verlaat nie, maar hy het by sy besluit gehou. Later het hy besef dat dit die grootste fout van sy lewe was. Hy skryf by geleentheid: "My blyste dae het ek daar belewe, maar ook my seerste!"

As professor aan die Universiteit van Durban-Westville word Pretorius in 1979 aangestel as Registrateur (Akademiese aangeleenthede) waar hy met onderskeiding die universiteitswese dien tot met sy amptelike uittrede in 1991. Hy het ook voortgegaan om as eksterne eksaminator in geskiedenis op te tree en tydelike poste (bv. Umlazi buitemuurse kampus van UNIZUL) beklee.

Die tweede jeugdige personeel-aanwins van die departement geskiedenis aan Universiteit Stellenbosch was die aanstelling van dr Marius Johannes Swart as senior lektor. Die Raad van die Universiteit het op 25 Oktober 1958 die aanstelling van die 26-jarige Swart bekragtig, met diensaanvaarding op 1 Januarie 1959. Hy was die eerste keuse uit 'n kortlys uitmuntende applikante, onder andere dr T.S. van Rooyen, dr D.J.P. Haasbroek, Bun Booyens en B.A. Liebenberg.

Swart is in Windhoek, Namibië, gebore, maar het sy skoolloopbaan in Boksburg voltooi (Laerskool Baanbreker en Hoërskool Voortrekker). Sy ouers en geskiedenis-onderwyser, mnr. Van Zyl, het sy historiese bewussyn en belangstelling aangewakker. Na Matriek (1948) ontvang hy 'n meriete-beurs om hom in die volgende vier jaar as onderwyser te bekwaam. In 1951 behaal hy die B.A.-graad met lof aan die Universiteit van Pretoria, met hoofvak geskiedenis. Die volgende jaar verwerf

hy die Transvaalse Onderwysdiploma met erekleure aan die Normaalkollege van Pretoria. In 1953 behaal hy eweneens die M.A.-graad in geskiedenis *cum laude* aan Tukkies. Vanaf 1954 tot 1956 het hy onderwys gegee aan die Laerskool Menlopark. Dit het hom in staat gestel om sy doktorsale studie voort te sit aan die Universiteit van Pretoria onder leiding van sy mentor en promotor, prof. A.N. Pelzer. Hy slaag in 1956 die doktorsale eksamen in geskiedenis met lof en ontvang die D.Phil.

Danksy 'n Unie-beurs onderneem hy in 1957 voltyds na-doktorsale studie in geskiedenis aan die Rijksuniversiteit van Utrecht in Nederland. Daar het hy "klas geloop" by super-vakmanne soos prof. Pieter Geyl, 'n hoogaangeskrewe historiograaf, filosoof en kultuurhistorikus, en prof. Willem P. Coolhaes, 'n kenner van die Nederlandse koloniale geskiedenis. Aan die Amsterdamse Instituut vir Teoretiese Geskiedenis maak hy persoonlik kennis met prof. Jan Romein en sy nuutste beskouings. Hy gebruik ook die oorsese geleentheid om saam met sy studentemaat en eggenoot Yvonne (geb. Wessels) "wyd in Europa te swerf" om die ryke Europese kulturele tradisie persoonlik te ontdek en ervaar, bv. museums, monumente en slagvelde.

Terug in Suid-Afrika dien hy as lektor in geskiedenis aan UNISA waar hy die hele 1958 betrokke is by die praktiese fasette van afstandsonderrig aan hierdie unieke instelling. Hy werk in Pretoria veral onder leiding van prof. Christof Muller, uitnemende kenner van die Groot Trek. Die aanstelling van Swart as senior lektor in Stellenbosch die volgende jaar was 'n snel, maar verdienstelike bevorderingsgeleentheid wat nuwe horisonne vir hom geopen het. Dr Dirk Kotzé het prof. Johannes Wiid as hoogleraar opgevolg en Swart kon die senior lektoraat op 27-jarige ouderdom in 1959 vul.

Op Stellenbosch moes Swart vir die eerste- en tweedejaars Algemene Geskiedenis doseer, asook praktiese klasse vir die tweedejaars, veral toegespits op die skryf van 'n werkstuk (genoem opstel) elke semester. Die lesingsale was vol – sowat 300 eerstejaars en byna 200 tweedejaars. Die eerstejaars het drie voorlesings per week gedurende die hele jaar gehad. Hulle werk het chronologies-tematies gestrek vanaf die Minoëse beskawing (4 000 v.C.) tot die opstand in die Nederlande (1550-1609). Die voorgeskrewe boeke was H.A. Davies se "An Outline History of the World" (Oxford) en Grant & Temperley se "Europe in the Nineteenth and Twentieth Centuries". Uit laasgenoemde moes agt hoofstukke selfstudie vir 'n klastoets voorberei word, t.w. oor die Franse Rewolusie, Napoleon Bonaparte en die nasionale weerstand in Europa tot 1815. Die tweedejaars het eweneens drie voorlesings per week die hele jaar gehad. Die bestek het gestrek vanaf die Kongres van Wenen (1814-1815) tot die unifikasie van Italië en Duitsland, asook die val van die Tweede Franse Keiserryk (1870).

Swart het lewendig klas gegee, in teenstelling met prof. Kotzé wat sy getikte notas gelees en toegelig het. Hy het later besef dat ook nie-geskiedenis studente sy lesings kom bywoon het om meer te wete te kom van wêreldgebeure. Hy het gebruiklikerwys sy lesings relevant aangebied deur na eietydse tendense, politieke leiers en omstredenhede te verwys. Sy doel was om politiek as voorloper van geskiedenis aan te dui. Hy het byvoorbeeld sy studente daarop gewys dat die instelling van 'n desimale stelsel in Suid-Afrika (1960) 'n ekonomies-historiese impak meegebring het en dat die fiasko van president John F. Kennedy se Amerikaanse-gesteunde inval in die Baai van Varke (1961) internasionale verhoudinge intens en langdurig sou vertroebel. Swart se boodskap aan studente was om altyd ontledend te studeer. Wat hulle gesien, gelees,

gehoor, besoek en bestudeer het, moes deur hulle denkend en nadenkend beleef word!

Swart het by sy aanstelling bevind dat die Stellenbosse studente grootliks behoudend was. Die koshuislewe het geblom en kultuur het eg en sterk gestaan. Hy en sy vrou is dikwels na koshuise genooi om as eregaste by 'n dinee 'n "paar woorde te spreek". By een van hierdie geleenthede (Huis van Niekerk, beter bekend as Sonop) het hy uitgewei oor die betekenis van nuanses van die Afrikaanse benaming "Ver-genoeë". By 'n ander geleentheid het hy laat blyk hoe onaanvaarbaar dit was dat volwassenes van mekaar afskeid neem met die anglisistiese kinderagtige uitdrukking "Bye-bye"! Hy het ook 'n spreekwoordelike kleintjie dood gehad aan alles wat "fantasties" was.

Daar is geen twyfel dat Swart 'n vurige republikein was nie. Op die vooraand van die referendum op 5 Oktober 1960 het hy studente by die aanvang van die lesing herinner dat om te kon stem hulle voorreg en nie 'n "reg" was nie en dat hulle dit nie mag misloop nie. Hy en sy 2½ jarige seuntjie Marius het spesiaal na Pretoria gevlieg om die historiese verrigtinge op Kerkplein met Republiekwording op 31 Mei 1961 te beleef. Tog het Swart hom nooit in die openbaar uitgespreek oor die party-politiek nie, maar hom eenkant gehou en eerder op kultuursake toegespits.

Swart het besonder hoë agting vir die vakvermoë en kennis van prof. Piet van der Merwe as departementshoof gehad. Maar as kollega en medemens kon hy hom nooit vind nie. Van der Merwe het die jeugdige Swart meer as een keer "verwyt" dat hy te gou tot senior lektor bevorder is, in teenstelling met "hoe lank hyself vir bevordering moes wag". Van der Merwe het ook by twee geleenthede vir Swart en Pretorius daarop gewys dat hulle die eerste twee geskiedenis-dosente was wat "van elders af" by

Maties aangestel is. Hulle het dit nie as 'n kompliment ervaar nie!

Swart het ook nie vir prof. Dirk Kotzé as 'n ware kollega beskou nie, aangesien hy "allergies vir 'n standpunt" en afsydig was. Van die kant van Van der Merwe en Kotzé is daar geen hulp of leiding aan Swart gegee rakende die doel, inhoud of funksionering van die praktika van studente nie. Swart het gevolglik besluit dat sy tweedejaars die biblioteek moes leer ken, die leeslyste moes aanvul en deur praat en vergelyking historiese mense en gebeure moes *verstaan*.

Tog het die vier dosente van die departement nooit werklik gebots nie; hulle het net afsonderlike individue gebly. Van der Merwe het al Swart se versoeke om as personeel van die departement gesamentlik te vergader geweier. Slegs een keer, op aandrang van Swart, het hy toegegee dat hulle "dan maar moet byeenkom". Hy wou egter niks bespreek nie, want wat gemaak as drie kollegas hom sou opponeer? Van der Merwe se voorgevoel het hom waarskynlik oorversigtig gemaak teenoor sy veel jonger en dinamiese kollegas in die departement.

Swart het kort na sy wegspring in 1959 aan die Universiteit van Stellenbosch 'n uitnodiging ontvang om die Rektor, prof. H.B. Thom, te ontmoet. Hy het toe vir Swart gevra om daardie jaar se oorsig van Suid-Afrikaanse geskiedenis-publikasies vir 'n Nederlandse vaktydskrif, onder redaksie van prof. P.J. van Winter, in Groningen, saam te stel. Dit was 'n reuse taak en Swart het nie kans gesien om dit in sy eerste jaar aan die Universiteit van Stellenbosch te doen nie. Maar 'n mens het glo nooit vir Thom geweier nie en die jaar daarop het Swart wel die oorsig geskryf. Swart het bemerk dat die hele administrasie en protokol van die Rektor ingerig was soos dié van "die Staatspresident". Die Rektor se persoonlike

assistent, Piet Lombard, M.A. in geskiedenis en voorheen ook dosent, het Thom "erg bederf" en uiteindelik self Direkteur van Ontwikkeling geword omdat hy onder andere nie gemaal wou word in die onverkwiklike verhouding wat tussen Wiid en Van der Merwe bestaan het nie.

Swart het die ook die afgetrede prof. Wiid in Stellenbosch leer ken en dié het baie van sy ou geskiedeniswerke aan hom geskenk. Sy seun, die bekende argitek, Siebert Wiid, het uiteindelik ook die Swart-gesin se nuwe huis in Karindalwoongebied ontwerp.

As verhoudinge in die geskiedenis-departement stram was, het Swart hom elders op verwante terreine uitgeleef. Swart was die eerste beskermheer van Pieter Fourie, dramaturg en latere Hertzog-pryswenner, se Leesgroep op die kampus. Hy het ook aangesluit by prof. Johan Degenaar se Gespreksgroep wat intellektueel stimulerend, maar polities links was. Daar ontmoet hy ook denkers soos André Hugo, Louis Eksteen, Francois Odendal, Piet Conradie, Frikkie Snijman, Koos Rupert en Boedinghaus. Onder regie van prof. Fred Engelen en sy vrou Tine Balder, moes Swart 'n toneelrol speel in "Johanna, Soldaat van God", 'n uitbeelding van Jeanne d'Arc (1412-1431), die heldin van Orléans wat op die brandstapel gesterf het. Swart het gereeld deelgeneem aan die "Storie-aande" van dr Lettie Pretorius, vrou van die Registrateur, prof. Faantjie Pretorius. Die Boland is plat getoer met mense soos Charles Johnman, Esther van Rijswijck, Cecile Buurman en Gera Klomp, vrou van prof. A.B. van der Merwe van Sielkunde. As oortuigde Christen was dit vir Swart ook 'n voorreg om op die kerkraad van die Moederkerk in Stellenbosch te kon dien.

Dit is fenominaal dat Swart in drie relatief kort jare op Stellenbosch ook nog die volgende akademiese werke op sy vakgebied kon afrond vir latere publikasie:

- Geloftedag – HAUM, 1963.
- H.T. Bührmann – HAUM, 1963.
- Uit Ons Wording (met andere) – UUB, 1963.
- Die Kleurlingbevolding van Suid-Afrika (medewerker met prof. Erika Theron) – UUB, 1964.

As geskiedenis-dosent het Swart aan die Universiteit van Stellenbosch briljante geskiedenis-studente ontmoet en voorgaads help vorm. Dit het persone ingesluit soos Pieter Kapp, Boy Geldenhuys, Deon Jooste en Abraham Lückhoff. Hy het daarmee genoeg geneem om eksamentoesig teen èen pond (R2 later) per skof te doen. Toe prof. Van der Merwe egter aan hom laat blyk dat hy en Pretorius “nooit derdejaars en honneurs-studente” sal hanteer nie, laat staan nog M.A.-studente, was hy verpletter. Dit het hom finaal laat beseef dat sy vorderingspad op Stellenbosch gesluit was onder ‘n Van der Merwe-bedeling. Dit was die rede waarom hy ‘n akademiese verskuiwing teen die einde van 1961 na die Universiteitskollege van Wes-Kaapland by Kasselsvlei aanvaar het. Daar sou hy steeds as senior lektor, maar hierdie keer as departementshoof van geskiedenis, die grondleggingswerk voortsit van dr. Willem de Kock wat hoofredakteur van die S.A. Biografiese Woordeboek geword het. In Stellenbosch is Swart se taak in Januarie 1962 tydelik oorgeneem deur Ernst Stals en later Henning van Aswegen. In 1965 het ‘n nuwe uitdaging vir Swart aangebreek toe hy as professor en hoof van die departement geskiedenis aan die nuwe Universiteit van Port Elizabeth aangestel is. In hierdie hoedanigheid het hy na 32 vrugbare en veelbewoë jare in 1996 daar afgetree.

Slotbeskouing

Goeie geskiedenisdosente is dun gesaai. As jeugdige ondernemingsgees en dinamiese werkkrag gekombineer word met aangebore talente, voortreflike akademiese opleiding en verruimde oorsese blootstelling, dan was die departement geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch voorwaar bevoorreg om in die laat vyftigerjare dosente van die kaliber van Pretorius en Swart te kon kry.

Aan die ander kant het hierdie twee dosente ook kostelike blootstelling en ervaring met die onderrig van geskiedenis opgedoen aan 'n unieke gevestigde residensiële universiteit onder leiding van erkende en gesoute historici.

Die grootste winsfaktor vir geskiedenis as noodsaaklike menswetenskap was egter die stewige vorming van menige onderwyser, historikus, joernalis, diplomaat, teoloog, politikus en gebalanseerde landsburger deur die uitmuntende historiese onderrig wat deur hierdie bekende "twee-manskap" aan geskiedenisstudente in hulle ontvanklike eerste twee jaar aan die Universiteit gebied is.

Dankbetuiging

Die volgende persone en instansies word hartlik bedank vir persoonlike herinneringe, data en mededelings:

1. Prof. J.St.E. Pretorius, Tweeling.
2. Prof. M.J. Swart, Port Elizabeth.
3. Mnr. Danie Nel, voormalige Assistent-Registrateur, U.S.
4. Die Personeelafdeling, U.S.
5. Mnr. C.J. Grobbelaar, Institusionele Beplanning en Inligting, U.S.

6. Me Megan Schäffers, Institusionele Beplanning en Inligting, U.S.
7. Dr. Mandy Goedhals, U.D.W.

Let wel: Hierdie uiteensetting is nie 'n korrektief op F.A. van Jaarsveld se oorsig van die Universiteit van Stellenbosch se departement geskiedenis in sy "Die Afrikaners se Groot Trek na die Stede", hoofstuk 6 (Perskor) nie. Dit verskaf slegs bykomende inligting oor twee onvermelde dosente uit die era van derde geslag historici aan die Universiteit van Stellenbosch. Sien ook "Stellenbosch 1866-1966, honderd jaar hoër onderwys" (Nasionale Pers), pp. 470-472.